Nuusbrief van die Houtwerkvereniging van Pretoria

Tambotie

Newsletter of the Woodworking Association of Pretoria

Maart 1997 March

Die AJV het gekom en sonder enige hikkery gegaan. Noudat dit ook verby is kan ons aangaan met die dinge waarvan ons eintlik hou, naamlik houtwerk. Ek hoop die ouens van die komitee (geluk met julle verkiesing en sterkte) gaan vinger trek en vir ons 'n interessante program reël. Ek het dit egter op goeie gesag dat hulle reeds ywerig daarmee besig is. Ons sal maar moet wag en sien.

As julle nou my raad gevolg het dan behoort daar nie die beperking van nuwejaarsvoornemens in julle houtwerkprogram te wees nie. Dus kan 'n man nou met rustigheid in sy hart sy volgende projek beplan. So van projekte gepraat. Ek het 'n klompie jare terug met 'n professionele Duitse meubelmaker in Windhoek gesels. So in die gesprek het ons gedagtes gewissel oor die amateur houtwerker en hoe hy/sy sy/haar vaardighede kan ontwikkel. Ek deel graag met julle 'n paar van sy opmerkings.

- Sorg dat jou gereedskap skerp en in goeie werkende toestand is.
  - Koop die beste gereedskap wat jy kan bekostig.
- Haaks is haaks en nie amper-haaks nie.
  - Oefen eers 'n tegniek op 'n stukkie afval hout.
- Bemeester die basiese tegnieke - saag en skaaf (met handgereedskap) en uitmerk. Gebruik tyd wat jy op hande het om basiese vaardighede te oefen. (Dis hy wat my die wenk gegee het om saagwerk op 'n droeë brood te oefen. Die voordele hiervan is: jy leer om reguit te saag; jou vrou gaan nie meer met jou baklei oor die skerp snye brood nie; die eindproduk kan jy fynmaak en vir die voëls voer).
  - Daar is nie iets soos 'n moelike voeg nie - party is net ingewikkelder as ander.
- Poog, waar moontlik, om 'n verskeidenheid voeë in die ontwerp van 'n projek in te sluit. Dis 'n goeie manier om vaardighede in te skerp en/of te ontwikkel.
  - Wees krities oor dit wat jy doen - afskeepwerk kan 'n gewoonte word. 'n Eenvoudige broodbord moet met dieselfde sorg as 'n meubelstuk gemaak word.
- Wees gevoellig vir die eienskappe van hout - beweging, grein, tekstuur, kleur ens - en gebruik dit in jou ontwerp..
  - Moet nooit te trots wees om ander se hulp te vra nie.
- Houtwerkboeke en -tydskrifte is goeie bronne vir idees, tegnieke en wenke. Om dit egter jou eie te maak moet dit gebruik en geoefen word. EKSPERIMENTEER.

Vir baie mag dit niks nuuts inhou nie, maar vir my was dit nog altyd goeie advies gewees -alhoewel ek dit nie altyd toegepas het nie.

ROUTER BITS

A number of readers responded to our request for local outlets of Dimar or other quality router bits. Thank you for your interest.

- **In Pretoria**: Danny Vorster: Craftmeyer Hoekie Bloed Street [Tel 326-7719]; Passettis Mitchell Street]; Timber City [Centurion]
- Builders Warehouse Gezina

- **In Johannesburg** :Stevenson and Co [Tel 011-44332])for information on other outlets.

VORIGE BYEENKOMS

Baie dankie aan almal wat die AJV bygewoon het. Soos ons gewoond is, was dit 'n heel stigtelike en vreedsame vergadering en was daar nie 'n gebrek aan lede om vir die komitee te staan nie.

Die hoogtepunt van die aand was beslis Hans Kretchmer se praatjie oor hoe hy te werk gaan om sy besondere kassies te maak. Sy ontwerpe is uniek en die vakmanskap van die hoogste gehalte. Baie dankie Hans vir 'n insiggewende en lêkker praatjie.

THE NEW COMMITTEE

Your committee for this year is:

Chairman:	Vlooi van Rooyen
Vice Chairman:	Willie Marneweck
Secretary:	Monty von Elling
Treasurer:	Carl van Rensburg
Members:	Louw Trichardt
	Deon Geyser
	Len Scott
	Rolff Schramm (Barman)
Editor Tambotie	Guess who!

Committee Decisions

The committee has decided on the following:

- To present Hardware Centre with two ceiling fans (which they must install).
- To purchase 30 chairs for use at our monthly meetings.
- To purchase a fax machine for use by the Editor of Tambotie. (Thank you).
- Not to increase our annual subs.
- To appoint a sub-committee to investigate and submit recommendations on the overall scope of our annual exhibition.

JAARGELDE

Lede moet asseblief kennisneem dat ons jaargelde (R 48.00) nou betaalbaar is. Die keerdatum is 31 Mei 1997. Stuur asseblief u tjeks direk aan :

Carl van Rensburg
Mustanglaan 9
Pierre van Ryneveld
0157

Daar sal ook geleentheid tydens ons maandelikse byeenkomste wees om dit te betaal.

NUWE LEDE
NEW MEMBERS

Ons verwelkom graag die volgende drie nuwe lede in ons Vereniging.

- Connie du Toit, 'n besturende direkteur en woonagtig in 253 Simmetriestraat, Meyerspark, doen algemene houtwerk en gebruik 'n bo-armsaag, rolsaag, dikteskaaf , bandsaag en draaibank.
- Kobus Jansen van in Mulders Mile 47 Eldoraigne 3, is 'n pensionaris en beskik oor 'n goeie reeks gereedskap. Ongelukkig het hy nie sy belangstelling aangedui nie.
- Gertjan Vahrmeijer is 'n tuinboukundige en doen draaiwerk. Hy woon in Faerie Glenn.

Ons vertrou dat julle verbintenis met die Vereniging 'n aangename een sal wees.

VOLGENDE BYEENKOMS

Ryobi se manne gaan ons van hulle nuwe produkte vertel en so 'n paar demonstreer. Ek verneem dat daar ook 'n paar "specials" aangebied sal word.
Onthou ! **Woensdag 26 Maart 97** by **Hardware Centre** om 18H00.

TENDERS

Tenders are awaited for the Phillips colour TV as decided on the AGM. Written tenders to reach me by **24 March 1997**. The committees decision will be final and the successful candidate will be notified at our next meeting.

WORKSHOPS

I am happy to announce that our proposed Saturday workshops will start during April. The subject is turning and will be conducted by Willie Marneweck .

Your support for this venture is paramount to the success of the undertaking. As it takes a lot of planning, preparation and time, we cannot expect the presenters to do their thing for two or three people. Members are therefore requested to indicate their interest at our next meeting. The final details will also then be advised.

Ons adres
Redakteur Tambotie
Posbus 50993
Wierdapark
0149
Tel 654-5785

HOUT - HOUT - HOUT

Ingesluit by Tambotie is 'n pamflet van Exotic Wood Merchants. Hulle pryse lyk redelik en lede met 'n geldige lidmaatskapkaartjie kry afslag. Jaco van Heerden is die kontakpersoon.

TO JOIN OR NOT TO JOIN

I have lately been reading an interesting book on Japanese joinery by dr Kiyoisi Seike. The author looks at the development of Japanese architecture and wooden constructional methods mainly used in the building of Shinto shrines and Buddhist temples.

It is interesting to note that the technology and architectural styles for building these shrines and temples were brought into Japan by Buddhist immigrants from the Chinese continent and Korea.

In Japan today carpenters still specialise in the construction of either shrines or temples or domestic buildings using methods and joints that are hundreds of years old. I was terrified to read that there are around **400** different joints still in use today. This book discusses 48 of these joints, and I will be discussing some of them in future issues of Tambotie.

In general Japanese joints can either be classified as *splicing* or *connecting* joints. In the first category we find joints such as the Lap Joint, Gooseneck Mortise and Tenon, Lapped Rod Mortise and Tenon, Rabbeted Oblique Scarf Joint with Stub Tenon and Half Blind Stub Tenon.

Joints such as End Lap Joint, Open Slot Mortise with Whole-Timber Tenon, Split Wedge Joint, Wedged Through Half Dovetail, and Bevelled Shoulder Mortise and Tenon are from the second category.

Some of the older wooden shrines and temples in Japan have withstood the elements of time and nature for many centuries - a tribute to the craftsmen who built them.

"The Japanese carpenter never refers to his instruments as mere *tools*" writes dr Seike. Instead they are called *dōgu* which is a very old word roughly meaning "instruments of the Way "[of carpentry].
Next time we will be looking at some of these joints, so watch this space.

DASSE

Ek wil weereens 'n beroep op ons lede en dan veral ons nuwe lede doen om tog vir hulle ons Vereniging se das aan te skaf. Dis 'n hoè kwaliteit das en die prys is billik. Slegs 'n beperkte hoeveelheid is vervaardig. Aankope kan met die volgende byeenkoms gedoen word.

WISE MEN SAY

True words aren't eloquent;
eloquent words aren't true .
Wise men don't need to prove their point;
men who need to prove their point aren't wise
Lao-Tzu

Draai van buiteronding met die gutsbeitel



Fig. 8

Wanneer 'n buiteronding gesny word, word op die hoogste vlak begin, posisie A. Die beitel word op een punt op die rus gekantel na posisie B en C namate die ronding vorm.

Weer eens word die hoek bepaal deur die hoek van die slypvlak, posisie D.